

8 November

**Skrifgedeelte: Lukas 1:5-38**

**Fokusgedeelte: Lukas 1:38a; Heidelbergse Kategismus Sondag 14**

### **Die maagdelike geboorte van Christus**

*“Maria sê toe: Ek is tot beskikking van die Here. Laat met my gebeur wat u gesê het.”*

Die twee hooffigure in ons Skrifgedeelte kan kwalik meer van mekaar verskil. Sagaria is oud, ervare, en 'n teoloog; terwyl Maria 'n jong vrou, onervare en 'n leek is. Sonder verdere kennis van wat in ons Skrifgedeelte gebeur, sou ons, as ons iemand moes kies om God se wonders te belewe, sonder twyfel Sagaria aanwys. By hom verwag ons die rypste geloof.

Die teendeel word egter bewys. Sagaria se ongeloof word met tydelike stomheid gestraf (vs. 20), terwyl Maria se “ek is tot beskikking van die Here” (vs. 38) 'n tydlose geloofsantwoord is. Geloof ken dus geen stereotipes nie. Ook as dit oor geloof gaan, moet ons nie na die uiterlike oordeel nie (Jak. 2:1).

Die belydenis van Jesus Christus se maagdelike geboorte vra geloof. Dat God Homself so klein maak dat Hy as baba (volledig mens) in hierdie wêreld gebore word en dat Hy terselfdertyd steeds God is en bly, is 'n onbeskryflike wonder. Die arms van ons verstand is te kort om dit te omvat. Net deur te glo, kan jy hierdie waarheid besit.

Natuurlik het geloof ook sy vrae! Sagaria vra: “Waarom sal ek dit weet?” (vs. 18). In sy vraag sit twyfel *of* die engelboodskap waar is. Dís die vraag van ongeloof. Maria vra egter: “Hoe is so iets moontlik?” (vs. 34). In háár vraag sit gelowige verwondering, nie *of* die engelboodskap waar is nie, maar *hoe* dit waar is. Dís die vraag van geloof.

God belowe jou baie dinge vir hierdie dag. Moenie twyfel *of* hulle waar is nie. Gryp eerder in die geloof sy beloftes vas en soek in verwondering *hoe* hulle in jou lewe gestalte kry.

*Sing: Skrifberyming 4-1:1, 2*

*Dr. WC Vergeer (Krugersdorp)*